

BELASTINGPLIGTES AANGEMOEDIG OM VOOR TE BEREI VIR DIE NADERENDE BANKSTAKING

Pretoria, 23 September 2019 – Die banksektor het die moontlikheid van 'n staking op Vrydag, 27 September aangedui.

Die verwagte protesaksie kan 'n impak hê op transaksies verwand aan belastingbetalings en belastingterugbetalings.

Die Suid-Afrikaanse Inkomstediens (SARS) wil graag seker maak dat die impak van die staking op sodanige transaksies 'n minimum sal wees vir beide die belastingpligtige en vir SARS.

Daarom word belastingpligtiges aangemoedig om hulle betalings twee werksdae vooruit te betaal en soortgelyk enige belastingtransaksies, wat 'n betaling aan SARS tot gevolg kan hê, twee dae vooruit af te handel.

Belastingpligtiges wat verdere hulp nodig het, kan die SARS-kontaksentrum skakel by 0800 00 7277.